REIS EN TOERISME **NOVEMBER 2006**

ALGEMEEN

- **Leerders volg nie instruksies nie en lees nie die vrae nie**. Dit lyk asof hulle nie lees en verstaan wat gevra word nie, bv. hulle skryf woorde uit as hulle gevra word om ‘n letter langs die nommer te skryf.
- Leerders vergeet watter vak hulle skryf en gee antwoorde wat heeltemal niksmet Reis en Toerisme te doen het nie, al word dit in byna elke vraag se instruksies gesê.
- Leerders mors tyd en teken randjies om bladsye en skry BO onder aan elke bladsy. Party gebruik net elke tweede bladsy en ander druk twee antwoorde per vraag in een reël in. Dit is eenvoudige eksamentegniek en behoort van vroeg af geleer te word.
- Baie leerders laat vrae uit of kry nie klaar nie en die paneel wonder of hulle almal vollengte eksamens in Junie en September skryf.
- Vrae met uittreksels wat gelees moet word, of kolomme wat bymekaar gepas moet word, vaar besonders sleg. As die leerder nie die antwoord ken by kolomme nie, kan geraai word. By uittreksels word hele passasies aangehaal met geen verwysing na die vrae nie, sodat dieselfde woorde vir drie verskillende vrae gegee word. (VV.5, 7 and 9)
- Leerders kyk nie hoeveel punte toegeken word nie. ‘n Skrikwekkende antal het antwoorde gegee op vrae wat nie bestaan nie, bv. 12.3 waar 12.3.1,ens. eintlik die vraag vra. Party het ook hulle eie nommers uitgevind vir vrae waar meer antwoorde gelys moes word. Etlike hetv raag 3 op die Addendum beantwoord, tenspyte van instruksies.
- Baie skole het die Matric Tips en die Eksaminatorsverslag van 2005 geignoreer..

VRAE 1 – 4 (US 4.3.1 en 4.5)

- Leerders sukkel met die verskil tussen stede, lande en provinsies
- Baie gebruik geldeenhede wat lank nie meer bestaan nie, soos Francs en Lire.
- SAOG lande kon nie op die kaart uitgeken word en hulle hoofstede geidentifiseer word nie.

VRAAG 5 (US 4.3)

- Diens, en wat goeie diens behels, is die basis van enige toerisme besigheid. Dit is jammer dat baie matriekleerders nie weet wat ‘n verklaarde beleid is nie. (Elke skool is veronderstel om een te hê, al is die naam nie altyd dit nie, sowel as ‘n AIDS beleid.) Die vraag het ‘n bietjie dink geverg, en daar moes mooi na die uittreksel gekyk word. Algmene begrip het gekort oor wat ‘n kredietkaardtrans- aksie beteken, die feit dat ‘n vrye maaltyd om 02:00 nie’n goeie idee is nie en dat **alle** presies dit beteken; elke laaste kamer weg, geen kamers oor is nie, nie eens ‘n stal nie.

VRAAG 6

- Terminologie is gevra van graad 10.
- ‘n Groot aantal leerders, partykeer ‘n hele skool, het geen idee wat ‘n visum is nie(US 4.5). ‘n Visum het niks met geld te doen nie. Die kredietkaart is na die offisiële, wetlike dokument vernoem.
- Kansellasieversekering (US 4.5) gaan nie oor versekering kanselleer nie o f om te besluit om nie op ‘n reis te gaan nie en dit te kanselleer.
- ‘En suite’ word baie met ‘suite’ verwar. Of daar word gedink daar is ‘n ding wat ‘n ‘en suite’ genoem word wat deel is van ‘n kamer.

VRAAG 7

- Hierdie vraag is baie swak beantwoord omdat die uittreksel nie met verstand gelees is nie. Dieselfde sitasie is vir alle vrae gegee deur baie leerders. Die antwoord op 7.1.2, wat ‘n werkgewer moet doen vir die werknemers, kom in elke tweede matriekvraestel sedert 1998 voor! Dit wissel af met wat werknemers moet doen.

VRAAG 8 (US 4.2)

- Leerders weet nie wat Galileo is nie.
- Leerders weet nie wat ‘n GDS is nie en verwar dit met ‘n SBS(CRS)
- V8.5 Leerders pas nie kennis toe nie. Hulle gee algemene atwoorde, of dieselfde antwoord in 5 verskillende bewoordings, en wys ‘n algehele gemis aan die verstaan van konsepte. Die vraag vra hulle om na die werk van ‘n reisagent te kyk. Baie het boonop ‘n reisagent met ‘n toergids of toerleier verwar.

VRAAG 9 (US 4.4)

- Hierdie vraag is besonder swak beantwoord. Baie leerders het nie die inligting op ‘n ekotoerismebestemming toegepas nie, soos gevra.
- Ekotoerisme konsepte en terminologie is deel van die leerplan en daar moes navorsing gedoen word daaroor wat hierdie terminologie beteken in ekotoerisme. As dit moeilik is vir leerders om navorsing te doen, kan opvoeders ‘n bietjie tyd met ‘n woordeboek deurbring.
- Ekotoerisme moet nagevors word vir ‘n projek vir DASS

VRAAG 10

- Vermenigvuldigingseffek is die eerste wat in Graad 10 geleer word en is onder- liggend aan die hele vak. Dit is onderliggende kennis. Dit is swak beantwoord.
- Die konsep ‘vermindering’ is in die uittreksel verduidelik., maar is nie toegepas nie.
- V10.1 vra vir <u>ekonomiese</u> voordele. Leerders verstaan klaarblyklik nie wat dit beteken nie. Hulle het net paragraaf 1 van die uittreksel oorgeskryf.
- Gevra in V10.2 om spesifieke werksgeleenthede te lys vir 5 punte, het baie leerders paragraaf 3 van die uittreksel oorgeskryf wat omtrent ‘n halwe bladsy is..

VRAAG 11 (US 4.1.1)

- Oor die algemeen goed beantwoord, maar leerders sukkel met afrond, veral na twee desimale. Party is verwardeur die neiging by supermarkte om na die naaste 5 sent af te rond.
- Party rond die wisselkoers af voordat hulle bereken..
- Party leerders noem nie die geldeenheid nie soos gevra, maar gebruik die kode, baie keer verkeerd.
- V11.2 was ‘n probleem vir baie want hulle het nie gesien hulle moet die twee bedrae bymekaar tel nie en dan bereken. Baie het die huurmotorgeld deur die koste vir die tas gedeel.
- As geen wisselkoers van VSDollars na Jen gegee word, moet dit oogloopend wees dat die Dollar na Rand bereken word en die volgende berekening van Rand na Jen gedeel moet word.

VRAAG 12

Dit was taamlik goed beantwoord.

- Party leerders het die getalle gegee en nie die lande se name nie.

VRAAG 13

- Leerders weet nie hoe om tydsverskille uit te werk nie.
- Vliegtyd is vir baie ‘n raaisel, hulle weeet nie wat om daarmee te maak nie..
- Baie leerders werk tye korrek uit maar vergeet om die dag in te sit.Die dag vandie week is belangrik, veral vir 13.2.1.
- Veels te min leerders ken die normale toegelate bagasie gewig.
- V 13.3 en 13.4 vra onderskeidelik vir die geldeenhede om afsonderlik bereken te word. Veels te veel leerders het albei saam gedoen in ‘n deurmekaarspul van getalle met geen aanduiding van waaroor dit gaan nie.
- Leerders het hierdie berekeninge dan nie gebruik om by die bedrae wat in Rand gegee is te tel nie, om ‘n begroting uit te werk vir die paar (nie een persoon nie), maar alles weer ombereken na óf Dollars óf Rupees. Antwoorde was onlogies en het geen teken getoon dat ervaring opgedoen is by die groot reisplan wat verlang word in US 4.5 nie.
- Die vraag stel dit duidelik: ‘Teken die toerplan oor’, ‘Teken die tabel oor’. Punte is toegeken as die instruksies gevolg is. Baie leerders het hulle nie daaraan gesteur nie. Hulle het opstelle geskryf waarin hulle vertel het wat gedoen gaan word.
- Baie leerders het nie gelees watter aktiwiteite wanneer plaasvind nie en teen watter tyd van die dag. Hulle het met aktiwiteite begin voor die aankomstyd wat hulle uitgewerk het..

.

- Baie het allerhande aktiwiteite uit hulle duim gesuig wat glad nie in die vraag genoem is nie. Baie het inligting ingesit wat nie gevra of gegee is nie, soos maaltye. Baie het die toeris die hele oggend laat ontbyt eet tot die middag, dan het hulle middagete geëet, en in die nag het hulle getoer.
- Baie leerders weet nie wat ‘n voldaguitstappie is nie. Dit beteken die toeris bring die **hele dag** (nie nag nie) daarmee deur. Voldag aktiwiteite kan nie tussen twee verskillende dae verdeel word nie.
- Inslutiend beteken dat die aktiwiteit plaasvind as deel van ‘n ander. ‘n Halfdag- toer insluitend ‘n onderseestaptog vat nog altyd net een oggend.